

Die Toewyding van Babas

Algemene inligtingstuk

Vanuit ons ondervinding uit die verlede is daar sommige ouers en hulle familie wat wonder hoekom ons babas toewy en nie besprinkel soos in die Gereformeerde Kerke nie. Ons het dit goed gedink om 'n kort skrywe saam te stel wat dalk vir julle hiermee kan help.

Wanneer ouers kies om hulle baba toe te wy, hoef die baba nie 'n bepaalde ouderdom te wees nie. Om jou kind te lei in 'n verhouding met die Here Jesus is 'n Bybelse opdrag, maar om jou baba toe te wy is egter nie. Baba toewyding is dus 'n Bybelse gebruik is, maar nie 'n sakrament nie.

Waaroor gaan die toewyding van 'n baba?

Tydens 'n baba toewydingsdiens kom staan die ouers voor die Here en verbind hulleself opnuut aan mekaar as 'n egpaar, maar ook opnuut aan die Here om 'n geestelike voorbeeld vir die kind te stel deur in gehoorsaamheid aan die Here te leef. Hulle vra verder vir die Here om leiding, seën en beskerming. Die ouers verklaar dat hulle in 'n verbintenis met die Here en Sy Woord wil lewe en hulle kinders met Sy liefde en genade wil grootmaak. Hierdie is 'n (openbare) verbintenis voor die Here (en die gemeente) dat die ouers hulle bes gaan doen om, met die Here se hulp, hulle kind só groot te maak dat hy/sy 'n navolger sal wees van die Here Jesus.

Dit is beslis 'n wonderlike voorreg om 'n kind te kan hê, maar dit is ook 'n groot verantwoordelikheid. Juis daarom kies ouers om hulle kinders aan die Here toe te wy, juis om hulle afhanklikheid van die Here hierin te erken. Die Here plaas mense en geestelike instansies op ons lewenspad om ons as ouers te help in die geestelike versorging van ons kinders. Om hierdie rede bely die ouers (voor die gemeente) hulle afhanklikheid van die res van die liggaam van Christus (die gemeente) om hulle roeping as ouers te kan vervul.

By 'n baba toewyding maak die ouers die keuse om saam met Josua te verklaar in "***Ek en my huis, ons sal die HERE dien.***" **Jos.24:15**

Die Bybelse grondslag vir baba toewyding vind ons in 1 Sam 1:27-28 (NLV) ***“Ek het die Here gevra om my hierdie kind te gee en Hy het my gebed verhoor. Nou gee ek hom terug vir die Here. Hy sal lewenslank aan die Here behoort.” Daarna het hulle die Here daar aanbid.***

In Lukas 2 word die Here Jesus na Sy geboorte deur Josef en Maria aan God toegewy.

Die beste voorskrif in die Bybel hoe ons as ouers ons kinders behoort groot te maak is in Deut. 6:4-9 (NLV) ***“Luister, Israel! Die Here is ons God, die Here is een. Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart, met jou hele siel en met al jou krag. Jy moet jouself heelhartig verbind aan die geboorte wat ek vandag vir jou gee. Herhaal hierdie woorde oor en oor vir julle kinders.***

Praat daaroor by die huis en wanneer julle op pad is, wanneer julle lê of wanneer julle opstaan. Bind dit op jou hande as ’n herinnering en dra dit op jou voorkop. Skryf dit op die deurkosyne van jou huis en van jou poorte.

Word babas by ons gemeente gedoop/besprinkel?

Nee, in ons gemeente doop/besprinkel ons nie babas nie, aangesien ons glo dat iemand eers self tot geloof in die Here Jesus moet kom voordat hy/sy gedoop kan word. Ons glo dus aan die doop van gelowiges na hulle bekering.

Gaan ’n baba wat sterf hemel toe?

Die Bybel leer ons dat God regverdig en genadig is. In lyn met God se karakter is dit dus ons oortuiging dat, indien ’n babatjie sou sterf, hy/sy hemel toe gaan. Ons glo nie dat slegs babas wat gedoop/besprinkel is hemel toe gaan nie.

Kan ’n ongetroude paartjie hulle kind aan die Here toewy?

Die Bybel keur nie die saamwoon van ongetroude persone voor die huwelik goed nie. Om hierdie rede verwag ons as gemeente dat ’n ongetroude paartjie eers trou, sodat hulle saam hulle kind kan toewy.

Kan ’n enkelma haar baba aan die Here toewy?

Beslis! 'n Ongetroude ma word wel toegelaat om haar baba toe te wy, maar dan mag die pa nie enigsins betrokke wees tydens die toewyding nie.

Indien jy enige onsekerheid of navraag het, kontak ons gerus. Ons help jou graag.

Navrae: Ds.Jaques Kilian 082 4400 795 / jaques@kerk.co.za